

REDAKSIONEEL

Die jaarlikse simposium van die departement Bybelkunde van die Universiteit van Stellenbosch het vanjaar gehandel oor die rol van die Christendom in Suid-Afrika in die volgende dekade. Aan die vier sprekers is die volgende vrae gestel:

* Hoe gaan die Christelike kerk 'n dinamiese, Bybelgetroue en kreatiewe bydrae lewer tot heil van ons samelewing en so tot getuienis van die geloof?

* Gegewe die unieke omstandighede van Suider-Afrika, wat is die koers wat die Christelike kerk moet inslaan om waarlik 'n betekenisvolle rol te speel?

* Deur watter perspektief op die toekoms moet ons ons oor die volgende dekade laat lei?

Elke spreker is versoek om sy persoonlike antwoord op die vrae te gee. Elkeen kom uit 'n heel ander ervaringswêreld, kerklik en andersins. Die referate het blyke gegee van hoe verskillend die Suid-Afrikaanse werklikheid beleef word en waarom dit so noodsaaklik is dat hierdie gesprek sal voortgaan. Ook die bespreking tydens die simposium het die behoeftte aan 'n openhartige gesprek laat blyk. Tot 'n groot mate lê die potensiaal wat in 'n gemeenskaplike geloofsverbondenheid opgesluit is, onbenut. Scriptura deel graag met sy lesers

iets van hierdie stimulerende gesprek deurdat die referate hier in artikelvorm (en dus effens verwerk) gepubliseer word. Om hulle na behore te waardeer, moet die vier bydraes vergelykenderwys gelees word, terwyl tog in gedagte gehou moet word dat elkeen 'n heel ander kerklike groepering reflekter en soms openlik daarop teruggryp.

Dr Gerald Pillay is 'n dosent in Kerkgeschiedenis en Sendingwetenskap aan die Universiteit van Durban-Westville, en 'n lid van die Bethesda-kerk.

Prof Dirk Smit doseer Dogmatiek en Etiek aan die Teologiese Fakulteit van Wes-Kaapland, en is 'n lidmaat van die NG Sendingkerk.

Ds Mataboge is leraar van die gemeente Dobsonville in Soweto. Hy is assessor van die sinode van die NG Kerk in Afrika, en is in 1984 ook verkies tot assessor van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode.

Prof Danie du Toit is verbonde aan die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Stellenbosch, en lidmaat van die NGK. Sy besondere belangstelling is die Etiek, waar hy veral op vraagstukke van die moderne samelewing konsentreer.

FROM THE EDITOR

The annual symposium of the Department of Biblical Studies of the University of Stellenbosch this year dealt with the role of Christianity in South Africa in the next decade. The following questions were put to the four speakers:

- * How can the Christian church make a dynamic, biblical and creative contribution to the benefit of our society, and therefore to the witness of faith?
- * Given the unique circumstances of Southern Africa, what are the options for the Christian church in order to play a truly meaningful role?
- * From what perspective on the future should we set our course for the next decade?

Each speaker was requested to give his personal answer to these questions. Each comes from a completely different background, ecclesiastical and otherwise. The papers indicated how diversely the South African reality is experienced, and why it is so essential for this kind of dialogue to continue. The discussion during the symposium also revealed the serious need for frank discussion if misunderstanding is to be dispelled. The potential implied by a common commit-

ment remains to a large extent untapped. By presenting the papers (in a slightly edited form) in this issue, Scriptura would like its readers to share in this stimulating conversation. In order to appreciate these papers fully, they should be read comparatively, while also bearing in mind that each author reflects a different ecclesiastical affiliation, and at times associates with it openly.

Dr Gerald Pillay teaches Church History and Missiology at the University of Durban-Westville, and is a member of the Bethesda Church.

Prof Dirk Smit lectures in Dogmatics and Ethics at the Faculty of Theology of the University of the Western Cape, and belongs to the DR Mission Church.

The Rev Mataboge is pastor in Dobsonville, Soweto. He is assessor of the synod of the DR Curch in Africa, and was elected assessor of the Reformed Ecumenical Synod in 1984.

Prof Danie du Toit teaches at the Theological Faculty of the University of Stellenbosch. His interest lies in the field of Ethics, with particular reference to issues relating to contemporary society.